Vrydag 4 September
Skrifgedeelte: Kolossense 3:5-17
Fokusgedeelte: Kolossense 3:13
Geduld is deel van die nuwe mens in Christus

Op nog 'n lentedag herinner die Heilige Gees ons dat Christus ons nuwe lewe is. Ja, daar is baie wat sê dat Christus hulle lewe is, maar is dit so? Hier is Paulus prakties, want in die voorafgaande hoofstukke het hy die leer gegee. Ons is Christene wanneer ons leef soos Christene en nie net wanneer ons sê dat ons Christene is nie. Hoe moet ons as Christene maak?

Hier kry ons 'n kosbare opdrag wat ons as Christene laat uitstaan. Maak voorsiening vir mekaar se foute of verdra mekaar! Dit beteken om geduldig te wees wanneer daar langdurige en aanhoudende probleme op 'n sekere punt in ons lewe is. Ons behoort nie ons humeur te verloor en ongeduldig te raak nie! Dit beteken om te volhard, om uit te hou ten spyte van vervolging, dreigemente, seerkry, onverskilligheid of aanvalle en om nie wraak te neem nie. Die enigste manier waarop 'n gelowige hierdie aksie kan uitvoer, is deur die werking van die Heilige Gees. Vergeet van wie jy is en onthou Wie Christus is en dink dan aan wat die regte ding is om te doen.

Onthou die geskiedenis toe die dissipels 'n ma nie kon help met haar versteurde seun nie. Hy wys sy dissipels op sy verdraagsaamheid en geduld met hulle: *"Ongelowige en ontaarde geslag,"* het Jesus gesê, *"hoe lank moet Ek nog saam met julle wees? Hoe lank moet Ek julle nog verdra? Bring hom hier vir My!"* (Matt. 17:17). Onthou hoe verdra God ons. Ons moet ons terughou en nie ontvlam nie, want dit sal uit die aard van die saak die harmonie versteur en verhoudings versuur.

Ons almal het 'n humeur, sommige het dit net meer onder beheer as ander. Sou jy weet dat jy vinnig warm onder die kraag raak, dan moet ons die woord uit die Skrif naby aan ons hart bewaar. Efesiërs 4:26-27: *"Word kwaad, maar moenie sondig nie. Laat die son nie ondergaan oor julle woede nie. Moenie vir die duiwel plek gee nie."* Onthou hoeveel het God ons in Christus vergewe, en toon 'n verdraagsame en vergewensgesinde gees teenoor ander.

*Sing: Skrifberyming 14-1:1, 2*

*Ds. TJ (Tommie) van Vuuren (Heilbron)*